The miracles of science™

VYDATE® 100 GR

Reg. No. L3945 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L3945 Wet Nr. 36 van 1947

A granular remedy for the protection of potatoes, tobacco, tomatoes, bananas and sugarcane against plant parasitic nematode species as listed and the reduction of aphids in potatoes.

‘n Middel in korrelvorm vir die beskerming van aartappels, tabak, tamaties, piesangs en suikerriet teen plantparasitiese aalwurm spesies soos aangedui en vir die vermindering van plantluise in aartappels.

INSECTICIDE GROUP CODE	1A	INSEKDODER GROEP KODE

ACTIVE INGREDIENT		AKTIEWE BESTANDDEEL
Oxamyl (carbamate)	....100 g/kg....	Oksamil (karbamaat)

Nett Mass **10 kg** **Netto Massa**

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:

DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA (PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P O BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE 1685
Tel: (011) 218-8600

UN No. / VN Nr. 2757

24 HOUR/UUR EMERGENCY NUMBER/ NOODNOMMER: 083 123 3911



Copyright © 2011 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™ and VYDATE® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

WAARSKUWINGS:

- DIE VOLGENDE MINIMUM AANTAL DAE MOET VERLOOP TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES:
  - Aartappels 30
  - Tabak 42
  - Tamaties 21
  - Suikerriet 120
- Hanteer uiters versigtig.
- Giftig deur mondelikse inname, inaseming en velkontak.
- Giftig vir visse, bye en wild.
- Bêre agter slot en grendel in ‘n koel plek.
- Bêre weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en troeteldiere.
- HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree vir 1 dag na die bespuiting nie, tensy skutklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beinvloed kan word deur faktore soos abnormale grond- klimaats- en bergingstoestande; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie stof inasem nie.
- Dra volledig beskermende klere (oorpak, rubberstewels, handskoene en geskikte gesigsmasker).
- Was besoedelde klere onmiddellik na gebruik.
- In geval van toevallige velkontak was deeglik met seep en water.
- Moenie eet, drink of rook tydens toediening nie, of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- Voorkom kontaminasie van voedsel, veevoer, drinkwater en eetgerei.
- Maak die toedienings apparaat deeglik skoon na gebruik. Raak ontslae van waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie.
- Houers en verpakkings moet heeltemaal leeggemaak word voordat dit vernietig word.
- Skud die houer deeglik uit in die toedienier se stortbak voordat leë houer vernietig word.
- Vernietig leë houer deur dit te perforeer en moet vir geen ander doel gebruik nie.

WEERSTANDS WAARSKUWING

VYDATE® 100 GR is 'n groepkode 1A insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **VYDATE® 100 GR,** of enige ander groepkode 1A insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **VYDATE® 100 GR** of enige ander groepkode 1A insekdoder beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:
- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met; of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende insekdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoder programme.

Vir spesifieke informasie oor weerstand bestuur, kontak die registrasie houer van die produk.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING:

Hoofpyn, vermoeidheid, flouheid, duiseligheid, oormatige sweet, naarheid, buikpyn, braking, versteurde sienskrag, spiertrekkings, gewoonlik verkleinde pupille, asemhalingsnood, bewusteloosheid.

TEENMIDDEL: Atropien-sulfaat - Verwys na "NOTA AAN GENEESHEER/VEEARTS"

NOODHULPBEHANDELING:

1. Verwyder persoon van die oorsaak van vergiftiging (na 'n koel en goed geventileerde omgewing).
2. Stel pasiënt gerus en hou hom stil.
3. Verwyder besoedelde klere en spoel die besmette liggaamsdele met baie seep en water af.
4. Moet nie die vel hard vryf nie.
5. Besmette oë moet vir minstens 15 minute met skoon water uitgespoel word.

Indien per mond ingeneem:

6. Drink 1 tot 2 glase water en induseer braking deur die agterste gedeelte van die keel met u vinger te kielie.
7. Herhaal totdat braaksel helder is en nie meer na gif ruik nie.
8. Moet nie direkte mond-tot-mond asemhaling toepas nie.
9. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie.
10. **Neem die pasient onmiddelik na die naaste geneesheer.**

Indien ingeasem:

11. Verwyder persoon na vars lug.
12. Indien persoon nie asemhaal nie, pas kunsmatge asemhaling (verkieslik mond tot mond asemhaling) toe.
13. **Neem pasient onmiddellik na die naaste dokter**

NOTA AAN GENEERSHEER OF VEEARTS:

VYDATE® 100GR is 'n N-Metiel Karbamaat Insekdoder en Aalwurmdoder.

Dien atropien-sulfaat (2-4 mg/volwassene) binneaars toe en herhaal elke 10 minute tot die eerste tekens van atropinisasie (droë gloeiende vel en tachycardia) intree. **Pralidoxime (2 PAM, Protopam) en ander oksieme moet nie gebruik word waar VYDATE® 100 GR blootstelling alleen voorkom nie.** In die geval van blootstelling aan **VYDATE® 100 GR** sowel as organofosfaat insekdoders, mag 2-PAM gebruik word soos benodig as aanvulling vir die atropien-sulfaat behandeling. **Moet nie morfien gebruik nie.**

GEBRUIKSAANWYSINGS: **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

Met die gebruik van **VYDATE® SL** (Reg. Nr. L5057 Wet Nr. 36 van 1947) as opvolg behandeling sal die optimale werking daarvan in verdunningswater met pH 5-6 verkry word. Indien die pH hoër as 7.0 styg moet die verdunningswater na pH 5-6 gebuffer word. Gebruik slegs fosforsuur versuurders/buffers soos Bladbuff® 5 (Reg. Nr. L3351 Wet Nr. 36 van 1947). Die gebruik van asynsuur buffers word nie aanbeveel saam met **VYDATE® SL** nie. Gebruik spuitmengsels onverwyld en moet nie vir lang periodes laat staan nie. Grond met 'n hoë pH (alkaliese grond) sal aanleiding gee tot verlaagde effektiwiteit.

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	AANWYSINGS
PIESANGS Booraalwurm *Radopholus similes* Knopwortelaalwurms *Meloidogyne* spesies	20 g per mat	Dien toe gedurende Augustus–September en Januarie–Februarie. Verwyder afval en onkruide om suiers en dien korrels toe in 'n strook van 30–45 cm wyd (d.w.s. 'n area van ongeveer 1 m²) rondom elke plantsuier. Dien 'n ligte besproeiing toe na toediening.
AARTAPPELS Knopwortelaalwurms (uitgesluit *Meloidogyne chitwoodi* en *M. fallax*) En vermindering van plantluise.	**Grondtoediening:** 350 g per 100 m plantry	Wanneer die **VYDATE® 100 GR** en **VYDATE® SL** aalwurm-beheerprogram op saadaartappels of onder uitermatig hoë knolwortelaalwurmdruk toestande en in die aartappelproduksie areas gelys onder **BELANGRIK: NOTAS VAN TOEPASSING OP KNOPWORTELAALWURMBEHEER IN AARTAPPELS MET VYDATE® 100 GR & VYDATE® SL**, nota 2, gebruik word, moet die grond voor plant eers met 'n geregistreerde grondberokingsmiddel vir nematode beheer (volgens die etiket van die berokingsmiddel) berook word voordat die **VYDATE® 100 GR** en **VYDATE® SL** program gevolg word. (Lees **BELANGRIK: NOTAS VAN TOEPASSING OP KNOPWORTELAALWURMBEHEER IN AARTAPPELS MET VYDATE® 100 GR** & **VYDATE® SL**, notas 2 & 4 vir besonderhede). **Grondtoediening:** Dien **VYDATE® 100 GR** slegs toe in klam grond. Dien **VYDATE® 100 GR** toe in die plantvoor tydens aanplanting voordat dit toegemaak word. **Loofbespuiting:** • Volg die **VYDATE® 100 GR** grondtoediening op met drie loof toedienings van **VYDATE® SL** met spuitintervalle van vier weke. Die eerste **VYDATE® SL** loof toedienings moet teen 'n dosis van 3 ℓ per ha drie tot vier weke, die tweede teen 4 ℓ per ha sewe tot agt weke en die derde teen 5 ℓ per ha elf tot twaalf weke na **plant opkoms** toegedien word. • Hierdie spuitprogram sal ook plantluise verminder. • Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff® 5. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die **VYDATE® SL** spuitmengsel voeg nie. • Laat 30 dae toe tussen laaste toediening en oes. **BELANGRIK: VERWYS NA NOTAS VAN TOEPASSING OP DIE BEHEER VAN KNOPWORTELAALWURMS IN AARTAPPELS MET VYDATE® 100 GR & VYDATE® SL PROGRAMME**

BELANGRIK: NOTAS VAN TOEPASSING OP KNOPWORTELAALWURMBEHEER MET VYDATE® 100 GR OPGEVOLG DEUR VYDATE® SL SPUITPROGRAM IN AARTAPPELS:

1. Die aalwurmdodende, sistemiese werking en/of nawerking van **VYDATE® 100 GR** & **VYDATE® SL** word sterk beïnvloed deur faktore buite die vervaardiger se beheer soos byvoorbeeld oneffektiewe en/of te vlak beroking van die grond voor plant (waar van toepassing–verwys na punt 2), grondtipe (baie sanderige, ligte grond wat makilik loog), hoë grond pH, of stremmingstoestande (veral droogte) op die gewas. 'n Mate van knopwortelaalwurmskade moet verwag word by aartappels onder bogenoemde toestande, of indien aalwurmbesmette aartappelmoere geplant word.
2. Vir aartappelaanplantings in die Noord-Kaap en Noordwes Provinsies (Prieska, Hopetown, Douglas, P.K. le Roux Dam besproeiings areas, Vaalharts besproeiings area, Barkly-Wes, Christiana, Vryburg, Coetzersdam en Tosca) moet die grond berook word voordat **VYDATE® 100 GR** toegedien word.
3. Wanneer aartappels vir langer as 30 dae na die laaste **VYDATE® SL** toediening in die grond gelaat word kan ernstige knolskade voorkom a.g.v herinfestasie van knopwortelaalwurms aangesien die **VYDATE® SL** op hierdie stadium nie meer in die grond of plantwortels aanwesig is nie.
4. Indien uitermatige hoë knopwortelaalwurmvlakke in die grond voorkom as gevolg van 'n kombinasie van bogenoemde en/of die gevolg van abnormale verbouingspraktyke, soos opeenvolgende verbouing van aalwurmvatbare gewasse op dieselfde lande, kan swaar oesverliese as gevolg van knopwortel-aalwurmskade voorkom, ten spyte van die toepassing van chemiese beheermaatreëls. Indien laasgenoemde faktore van toepassing is moet **VYDATE® 100 GR** en **VYDATE® SL** nie vir knopwortelaalwurm beheer in aartappels gebruik word nie, ook nie in kombinasie met ander aalwurmdoders nie en veral nie wanneer skyfieaartappels verbou word nie.

SUIKERRIET: **Plant & Opvolgriet** Knopwortelaalwurms (*Meloidogyne* spesies), Letselaalwurms (*Pratylenchus* spesies) Spiralaalwurms (*Rotylenchus* spesies) Ringaalwurms (*Criconema* spesies)	**Grondtoediening:** 30 kg per ha (vir 1,2 m ry spasiëring) of 360 g per 100 m plantvoor	**In Plantriet:** Plaas die **VYDATE® 100 GR** korrels met behulp van 'n meganiese korreltoediener in die plantvoor saam met die steggies. Bedek beide met grond. MOET NIE **VYDATE® 100 GR** saam met kalk in die plantvoor toedien nie. Kalk moet verkieslik breedwerpig tydens grondvoorbereiding toegedien word. Indien kalk wel in die plantvoor toegedien word, band plaas die **VYDATE® 100 GR** op die grondoppervlak bo-oor, of aan weerskante van, die plantry KORT NA BLAARVERSKYNING. **In Opvolgriet:** Dien **VYDATE® 100 GR** op die grondoppervlakte toe in 'n band aan weerskante van, of bo-oor die ry na afsny tot en met SPRUITVERSKYNING. MOET ONDER GEEN OMSTANDIGDHEDE **VYDATE® 100 GR** en kalk saam of tydens dieselfde groeiseisoen op die grondoppervlakte toedien nie. **Gebruik VYDATE® 100 GR slegs op gronde met minder as 15 % klei**. Laat 'n periode van 120 dae tussen toediening en oes.
TABAK: Knopwortelaalwurms *Meloidogyne* spesies (uitgesluit *Meloidogyne chitwoodi* en *M. fallax*).	**Grondtoediening:** 250 g per 100 m plantvoor **Plantgattoediening:** Dien 1,25 g per plant toe	**Grondtoediening:** Dien **VYDATE® 100 GR** slegs toe in klam grond. Dien **VYDATE® 100 GR** toe in die plantvoor tydens plant. **Loofbespuiting:** Volg die **VYDATE® 100 GR** grondtoediening op met een loofbespuiting (indien grond deeglik voor plant berook **is of** in die geval van ligte aalwurmbesmetting) van **VYDATE® SL** teen 800 mℓ per 100 ℓ water teen 500 ℓ spuitmengsel per ha (4 ℓ **VYDATE® SL** per ha), 4-5 weke na uitplant. Indien geen berokingsmiddel voor planting toegedien is, of die grond na afloop van die vorige seisoen se oes berook is, of waar swaar aalwurm besmetting mag voorkom moet die grondtoediening opgevolg word met twee blaarbespuitings **VYDATE® SL** teen 800 mℓ per 100 ℓ water twee weke na uitplant teen 250 ℓ spuitmengsel per ha (2 ℓ **VYDATE® SL** per ha), en herhaal drie weke later in 500 ℓ spuitmengsel (4 ℓ **VYDATE® SL** per ha) per ha. Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 5. Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die **VYDATE® SL** spuitmengsel voeg nie. Laat 42 dae tussen laaste toediening en oes. Dien **VYDATE® 100 GR** korrels in die plantgat toe deur van 'n geskikte maatlepeltjie gebruik te maak. Meng die **VYDATE® 100 GR** korrels deeglik met die grond in die plantgat, voeg plantwater by en plant die saailing daarna. **BELANGRIK: VERWYS NA NOTAS VAN TOEPASSING OP DIE BEHEER VAN KNOPWORTEL-AALWURMS IN TABAK EN TAMATIES MET VYDATE® 100 GR & VYDATE® SL**

TAMATIES: Knopwortelaalwurms *Meloidogyne* spesies (uitgesluit *Meloidogyne chitwoodi en M. fallax*)	**Grondtoediening:** 125 g per 100 m plantry **Plantgattoediening:** Dien 0,75 g per plant toe.	**Grondtoediening:** • Dien slegs **VYDATE® 100 GR** toe in klam grond. • Dien of in die plantry, of in 'n 20 cm wye strook oor die plantry toe, en werk in die grond in. **Blaarbespuiting:** Volg die **VYDATE® 100 GR** grondtoediening op met twee of meer blaarbespuitings **VYDATE® SL** teen 800 mℓ per 100 ℓ water, twee weke na oorplanting, in 250 ℓ spuitmengsel per ha (2 ℓ **VYDATE® SL** per ha), en herhaal drie weke later in 500 ℓ spuitmengsel (4 ℓ **VYDATE® SL** per ha) per ha. Indien die pH van die spuitwater hoër as 7 is, moet dit tot 'n pH van 5-6 gebuffer word met Bladbuff 5 (Reg. Nr. 3351, Wet Nr. 36 van 1947). Moet egter geen ander tipe byvoegmiddel by die **VYDATE® SL** spuitmengsel voeg nie. Laat 21 dae toe tussen laaste toediening en oes. Dien **VYDATE® 100 GR** korrels in die plantgat toe deur van 'n geskikte maatlepeltjie gebruik te maak. Meng die **VYDATE® 100 GR** korrels deeglik met die grond in die plantgat, voeg plantwater by en plant die saailing daarna. **BELANGRIK: VERWYS NA NOTAS VAN TOEPASSING OP DIE BEHEER VAN KNOPWORTEL-AALWURMS IN TABAK EN TAMATIES MET VYDATE® 100 GR & VYDATE® SL**

BELANGRIK: NOTAS VAN TOEPASSING OP KNOPWORTELAALWURMBEHEER IN TABAK EN TAMATIES MET VYDATE® SL:

1. Die aalwurmdodende, sistemiese werking en/of nawerking van **VYDATE® 100 GR** en **VYDATE® SL** word sterk beïnvloed deur faktore buite die vervaardiger se beheer soos byvoorbeeld oneffektiewe en/of te vlak beroking van die grond voor plant (waar van toepassing – verwys na nota 3), grondtipe (baie sanderige, ligte grond wat makilik loog), hoë grond pH, of stremmingstoestande (veral droogte) op die gewas. 'n Mate van knopwortelaalwurmskade moet verwag word by tabak en tamaties onder bogenoemde toestande, of indien aalwurmbesmette moere geplant word.
2. Indien uitermatige hoë knopwortelaalwurmvlakke in die grond voorkom as gevolg van 'n kombinasie van bogenoemde en/of die gevolg van abnormale verbouingspraktyke, soos opeenvolgende verbouing van aalwurmvatbare gewasse op dieselfde lande kan oesverliese as gevolg van knopwortelaalwurmskade voorkom, ten spyte van die toepassing van chemise beheermaatreëls. Indien laasgenoemde faktore van toepassing is sal **VYDATE® 100 GR** & **VYDATE® SL** programme nie onder alle omstandighede die gewensde knopwortelaalwurmbeheer in tabak & tamaties verleen nie, ook nie wanneer gebruik in kombinasie met ander aalwurmdoders nie.
3. Onder bogenoemde toestande word daar aanbeveel dat die grond met 'n geregistreerde berokingsmiddel voor die toediening van **VYDATE® 100 GR** berook word.
4. Aangesien tabak en tamaties sensitiewe gewasse is en varieteite mag verskil in hul sensitiwiteit teenoor gewasbeskermings produkte, word aanbeveel dat slegs 'n gedeelte van 'n land met **VYDATE® 100 GR** behandel word; die eerste keer wanneer die produk gebruik word, ten einde te bepaal of daar enige negatiewe effekte op die gewas of spesifieke varieteit voorkom. 'n Sekere mate van blaarskroei mag voorkom onder sekere toestande op blare van saailinge geproduseer in saailaaie. Laasgenoemde is van tydelike aard en sal nie opbrengs beïnvloed nie. Ten einde die risiko van blaarskroei tot die minimum te beperk, moet die **VYDATE® 100 GR** deeglik in die grond ingewerk word voordat die saailing geplant word.

Bladbuff® is die registreerde handelsmerk van Plaaskem (Pty) Ltd.